| Plak asseblief die strepieskodeplakker hier |
|---|

**TOTALE PUNTE**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# VERBRUIKERSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel word in vier afdelings verdeel:

   **AFDELING A:** Voedsel en Voeding en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING B:** Kleding en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING C:** Behuising en Meublement en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING D:** Uitgebreide Skryfrespons

3. Lees die vrae noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.

5. Die punte wat aan elke vraag toegeken word, dui die detail aan wat verlang word.

6. Sakrekenaars mag gebruik word.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

8. Drie blanko bladsye (bladsy 30–32) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsye as jy nie genoeg spasie het om 'n vraag te voltooi nie. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan as jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

**Puntetoekenning**

| **Vraag** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 16 | 18 | 19 | 17 | 11 | 18 | 21 | 7 | 24 | 29 | 20 | **200** |
| **Behaal** | | | | | | | | | | | | |
| **Moderering** | | | | | | | | | | | | |
| **Gekontroleer** | | | | | | | | | | | | |
| **Hermerk** | | | | | | | | | | | | |

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 60 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 1

1.1 Pas die voeding- of voedselverwante gesondheidstoestand in Kolom B en die beheerstrategie in Kolom C met die simptome in Kolom A. Skryf slegs die letter (A–F) van Kolom B en die Romeinse syfer (i–vi) van Kolom C neer in die spasie hieronder voorsien, bv. 1.1.6 G, vii.

| Vraag | 1.1.1 | 1.1.2 | 1.1.3 | 1.1.4 | 1.1.5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Antwoord Kolom B | | | | | |
| Antwoord Kolom C | | | | | |

| **Kolom A Simptome** | | **Kolom B Voeding- of voedselverwante gesondheidstoestand** | | **Kolom C Beheerstrategie** | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Oormatige dors en gereelde urinering. | A | Hardlywigheid | i | Vermy voedsel wat kalsium bevat. |
| 1.1.2 | Poreuse bene en beenfrakture. | B | Hipertensie | ii | Vermy voedsel hoog in verfynde suikers. |
| 1.1.3 | Abdominale ongemak en onvermoë om gereeld te ontlas. | C | Kwasjiorkor | iii | Vermy voedsel hoog in natrium. |
| 1.1.4 | Verhoogde bloeddruk teen slagaarwande. | D | Anorexia Nervosa | iv | Eet voedsel hoog in kalsium en vitamien D. |
| 1.1.5 | Vertraagde groei en swelling van die buik. | E | Osteoporose | v | Eet voedsel hoog in oplosbare vesel. |
| | | F | Tipe II Diabetes | vi | Eet voedsel hoog in volledige proteïene. |

(10)

IEB Copyright © 2024

1.2 Bestudeer die stellings wat verband hou met die dieetbeheer van MIV/VIGS hieronder. Sê of elke stelling waar of onwaar is. Vir elke onwaar stelling, meld dat dit onwaar is en korrigeer die **nutriënt wat vetgedruk is**. Moenie die hele stelling oorskryf nie.

1.2.1 **Sink** is 'n makronutriënt wat noodsaaklik is om die verlies van spierweefsel te voorkom.

______________________________________________

1.2.2 Tydens infeksie is daar 'n verhoogde verlies aan **kalsium** uit die liggaam, wat noodsaaklik is om die slymvliese in die longe en spysverteringskanaal gesond te hou.

______________________________________________

1.2.3 Neute en plantaardige olies is goeie bronne van die antioksidant **vitamien E**.

______________________________________________

1.2.4 Sitrusvrugte is 'n goeie bron van **vitamien C** wat die immuunstelsel versterk.

______________________________________________

(6)
**[16]**

## VRAAG 2

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Robertsons se speserye – nou onbestraal.**
Ons het vroeër ons kruie en speserye bestraal om skadelike mikroörganismes, soos *E.coli*, te vernietig. Nou gebruik ons stoomsterilisasie om dieselfde werk te doen.

[Aangepas van: Unilever Food Solutions. (n.d.). Now non-irradiated! (aanlyn)]




Onbestraal
GMO-vry
Geen MSG bygevoeg nie
Geen bygevoegde preserveermiddels nie
Geen kunsmatige kleurstowwe nie

[Bron: Unilever Food Solutions. (g.d.). Robertsons Medium Rajah Curry Powder (Sakkie) 100 g. (aanlyn)]

2.1 2.1.1 Hoe word kos bestraal?

(2)

2.1.2 Verduidelik twee moontlike redes waarom Robertsons besluit het om nie meer hul speserye te bestraal nie.

(4)

2.2 Hoe verseker Robertsons die voldoende raklewe van hierdie produk sonder om preserveermiddels by te voeg?

(1)

2.3 2.3.1 *E. coli* is 'n …

| | | |
|---|---|---|
| A | amoeba. | |
| B | bakterie. | |
| C | muf/skimmel. | |
| D | virus. | |

(1)

IEB Copyright © 2024

2.3.2 Behalwe die metodes reeds genoem, identifiseer vier ander maniere om 'n *E. coli*-infeksie te voorkom.

(4)

2.4 Robertsons se kerriepoeier is GMO-vry. Stel vier redes voor waarom GMO-vrye produkte ondersteun word.

(4)

2.5 2.5.1 Hoekom word die voedselbymiddel MSG by voedsel gevoeg?

(1)

2.5.2 Volgens die etiket is geen MSG by hierdie produk gevoeg nie. Hoekom maak Robertsons hierdie inligting aan verbruikers bekend?

(1)
**[18]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen glutenintoleransie en 'n koringallergie.

| Basis van vergelyking | Glutenintoleransie | Koringallergie |
|---|---|---|
| Spysverteringstelsel-versteuring of immuunstelsel-versteuring | 3.1.1 ____________ ____________ (1) | 3.1.2 ____________ ____________ (1) |
| Beskrywing | 3.1.3 ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ (1) | 3.1.4 ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ (2) |
| Voedsel verantwoordelik vir reaksie | 3.1.5 ____________ ____________ (2) | Koring |

3.2 3.2.1 Definieer voedselsekerheid.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)

IEB Copyright © 2024

3.2.2 Motiveer waarom die volgende stelling waar is:

Huishoudings met voedselallergieë is meer geneig om voedselonsekerheid te ervaar.

(4)

3.3 Jy bestuur 'n voedingskema by 'n kleuterskool. Baie kinders by die skool is in gevaar om ragitis en kwasjiorkor te ontwikkel.

Beveel een voedselsoort aan wat by hul dieet ingesluit moet word om albei toestande te voorkom. Regverdig jou aanbeveling deur die voedingsvoordele vir die voorkoming van elke toestand te assesseer.

(5)

**[19]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 4

Bestudeer die volgende maaltyd en beantwoord die vrae wat volg.

| **Maaltyd** |
| --- |
| Soda / gaskoeldrank / Coke |
| Boontjie-en-lensie plantgebaseerde burgerpattie op 'n wit burgerrolletjie met blaarslaai, kaas en tamatie |

4.1 Lys drie simptome van anemie.

(3)

4.2 Evalueer die geskiktheid van hierdie maaltyd vir 'n persoon met anemie.

IEB Copyright © 2024

(10)

4.3 Stel twee verbeterings aan die maaltyd voor deur twee items met meer gepaste alternatiewe te vervang. Motiveer elkeen deur na die bestuur van anemie te verwys.

(4)
**[17]**

**70 punte**

## AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 5

5.1 Kies die modeverwante term in Kolom B wat by die beskrywing in Kolom A pas. Skryf slegs die hoofletters in die spasie hieronder.

| Vraag | 5.1.1 | 5.1.2 | 5.1.3 | 5.1.4 | 5.1.5 | 5.1.6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Antwoord | | | | | | |

| **Kolom A Beskrywing** | | **Kolom B Term** | |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Die buitelyn of algemene vorm van 'n kledingstuk of figuur, bv. 'n A-lyn romp. | A | Konformiteit |
| 5.1.2 | Algemene rigting waarin mode beweeg, bv. middellyne wat verander van hoog na laag. | B | Kontemporêre mode |
| 5.1.3 | Nuwe, ekstreme en eksklusiewe style wat deur modeontwerpers geskep word. | C | Gier |
| 5.1.4 | Mode wat deur 'n relatief klein groepie mense aanvaar word, maar gou weer verdwyn. | D | Vinnige- / kitsmode |
| 5.1.5 | Bekostigbare mode, vinnig ontwerp en vervaardig, en gewoonlik van minderwaardige gehalte. | E | *Haute couture* |
| 5.1.6 | Kies modestyle soortgelyk aan dié van jou portuurgroep. | F | Individualiteit |
| | | G | Silhoeët |
| | | H | Styl |
| | | I | Neiging |

(6)

5.2 Bestudeer die lys hieronder en identifiseer drie redes waarom baie jong volwassenes verkies om handelsmerk-etikette te koop. Skryf slegs die hoofletters in die spasie wat voorsien word.

| | | |
|---|---|---|
| | | |

A Handelsmerk-etikette is bekostigbaar.
B Handelsmerk-etikette is modieus.
C Handelsmerk-etikette is altyd van uitstekende gehalte.
D Handelsmerk-etikette is statussimbole.
E Handelsmerk-etikette verseker 'n gevoel van aanvaarding.
F Handelsmerk-etikette is klassiek. (3)

IEB Copyright © 2024

5.3 Noem twee gevolge van handelsmerkroof vir die oorspronklike handelsmerk-vervaardiger.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(2)

**[11]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6

6.1 Definieer die term mode.

(3)

6.2 6.2.1 Teken en benoem 'n grafiek om 'n standaard modesiklus te toon. (3)

6.2.2 Benoem die vyf fases van die modesiklus op jou grafiek. (5)

6.3 Noem drie kenmerke van die fase in die modesiklus wanneer items op die loopplank gesien kan word.

(3)

6.4 Noem en verduidelik twee tegnologiese faktore wat modeneigings beïnvloed.

(4)
**[18]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 7

Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Wit, formele hemp
Veselinhoud: 100% katoen
Produk van Suid-Afrika

VERSORGINGINSTRUKSIES
- MASJIENWASBAAR 40° C
- MOENIE BLEIK NIE
- WARM STRYKYSTER
- MOENIE DROOGSKOONMAAK
- MAG TUIMELDROOG

[Bron: <www.woolworths.co.za>]

7.1 Ontleed die faktore wat hierdie hemp 'n geskikte keuse maak om in 'n werksklerekas in te sluit.

(5)

IEB Copyright © 2024

7.2 Lys die vier stappe in die beplanning van 'n basiese klerekas.

(4)

7.3 Ontleed die omgewingsimpak van hierdie hemp in elke fase van sy lewensiklus.

| **Fases van die produk se lewensiklus** | **Omgewingsimpak van die hemp** |
|---|---|
| 7.3.1 Veselverbouing/ -boerdery | (3) |
| 7.3.2 Tekstielprosessering en -vervaardiging | (3) |

IEB Copyright © 2024 

| | |
|---|---|
| 7.3.3 Verspreiding/ vervoer/ versending | (1) |
| 7.3.4 Verbruikersgebruik, skoonmaak/was en leeftyd van produk | (4) |
| 7.3.5 Einde-van-gebruik/ wegdoen-fase | (1) |

**[21]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 50 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 8

Gee een term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term in die spasie wat voorsien word.

8.1 Onwettige, onvolhoubare sakemodel waar lede betaal word om nuwe lede te werf eerder as om goedere of dienste te verkoop.

________________________________________________ (1)

8.2 Spaarklub waar lede op 'n gereelde basis 'n vaste bedrag geld tot 'n sentrale fonds bydra.

________________________________________________ (1)

8.3 Goedere wat deur nie-amptelike of ongemagtigde verspreidingskanale ingevoer word.

________________________________________________ (1)

8.4 'n Verkoper se formele, skriftelike belofte dat 'n produk geen defekte het nie. As die produk binne 'n bepaalde tydperk breek, sal dit gratis herstel of vervang word.

________________________________________________ (1)

8.5 Die tydperk na ondertekening van 'n kontrak waartydens die verbruiker van plan kan verander en die kontrak sonder enige rede of boete kan kanselleer.

________________________________________________ (1)

8.6 Belasting betaalbaar op die wins wat gemaak word wanneer 'n bate verkoop word.

________________________________________________ (1)

8.7 Indirekte belasting, gehef teen 15%, wat by die koopprys van goedere en dienste gevoeg word in elke fase van die voorsieningsketting.

________________________________________________ (1)

**[7]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 9

Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Jy kan nou 'n woonstel in The Parks bekostig!** **R 999 000 | Heffing: R 2 300**

Hierdie woonstel met 2 slaapkamers en 2 badkamers het 'n pragtige uitsig op die park vanaf jou eie balkon. Elke balkon het 'n ingeboude gasbraaier om beurtkrag-frustrasie te verlig! Geselekteerde huishoudelike toestelle is ingesluit.

Die kompleks het 24 uur-sekuriteit en toegang tot 'n gemeenskaplike swembad en tuin.

[Eksaminator se eie teks]

9.1 9.1.1 Identifiseer die tipe eienaarskap in die bogenoemde advertensie.

___________________________________________ (1)

9.1.2 Aan wie moet die heffing betaal word?

___________________________________________ (1)

9.1.3 Waarvoor word die heffing gebruik?

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2024

9.2 Bestudeer die volgende koste verbonde aan die koop of verkoop van 'n eiendom. Voltooi die tabel deur te identifiseer aan wie elke koste betaal word en verskaf 'n verduideliking vir elke koste.

| **Kostes en uitgawes** | **Betaal aan** | **Verduideliking** |
|---|---|---|
| Eiendoms-waardasiefooi | 9.2.1 ____________ ____________ (1) | Voorbeeld:<br>'n Fooi betaalbaar vir die waardasie van die eiendom. |
| Transport-besorgersfooi | 9.2.2 ____________ ____________ (1) | 9.2.3 ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ (2) |
| Omvattende huiseienaars-versekering | 9.2.4 ____________ ____________ (1) | 9.2.5 ____________ ____________ ____________ ____________ ____________ (1) |

IEB Copyright © 2024 

| Koste en uitgawes | Betaal aan | Verduideliking |
|---|---|---|
| Okkupasiehuur | 9.2.6<br>__________<br>__________ (2) | 9.2.7<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________ (2) |
| Hereregte | 9.2.8<br>__________<br>__________ (2) | 9.2.9<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________ (2) |

IEB Copyright © 2024

9.3 Watter een van die volgende toestelle is die mees omgewingsvriendelik? Motiveer jou antwoord.

| | **Skottelgoedwasmasjien A** | **Skottelgoedwasmasjien B** |
|---|---|---|
| **Kapasiteit/grootte** | 12 plekplasings | 14 plekplasings |
| **Energiegradering** | A++ | A+++ |
| **Kragverbruik** | 0,693 kWh/siklus | 0,616 kWh/siklus |
| **Waterverbruik per siklus** | 13 L | 9,5 L |
| **Geraas** | 52 desibel | 41 desibel |
| **Dienswaarborg** | 2 jaar waarborg | 3 jaar waarborg |

(6)
**[24]**

**VRAAG 10**

10.1 Noem die professionele liggaam waarby 'n bouer geregistreer moet wees.

______________________________________________________________ (2)

10.2 Die stappe om 'n huis te bou, word hieronder gegee. Herrangskik dit in die regte volgorde. Skryf slegs die letters in die spasie wat voorsien word.

| Stap 1 | Stap 2 | Stap 3 | Stap 4 | Stap 5 | Stap 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

A Registreer die voltooide huis.
B Begin bou.
C Stel 'n tekenaar of argitek aan om bouplanne op te trek.
D Koop 'n oop stuk grond.
E Gereelde inspeksies deur bouinspekteurs.
F Dien die bouplanne by die plaaslike munisipaliteit in vir goedkeuring. (6)

10.3 Spesifiseer vyf bepalings en voorwaardes om by 'n wettige boukontrak in te sluit.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (5)

IEB Copyright © 2024

10.4 Vergelyk die voordele en nadele van huur met dié van die bou van 'n huis.

| **Huur** | **Bou** |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |
| | |

(8)

10.5 10.5.1 Definieer rente soos dit verband hou met die leen van geld.

(2)

10.5.2 Beoordeel die mate waarin stygings in die rentekoers 'n impak het op verbruikers met veranderlike/buigbare rentekoerslenings.

(6)

**[29]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2024


## AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

***Bestee ongeveer 30 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 11

Bestudeer die infografika hieronder en gebruik dit om die vraag wat volg te beantwoord.

PAN (*Physicians Association for Nutrition*) Suid-Afrika is 'n tak van PAN International, wat bewusmaking van volvoedsel, plantgebaseerde voeding aanmoedig. Hierdie infografika toon die dieetinname van sleutelvoedselsoorte deur volwassenes van 20 jaar en ouer in vergelyking met internasionale aanbevelings.




[Bron: PAN South Africa (2023) Global Nutrition Report data for South Africa, 2022. [Instagram] Beskikbaar by: <https://www.instagram.com/p/CqZ17MzK1Z_/?igshid=OGRjNzg3M2Y%3D>]

Bespreek die mate waarin die Suid-Afrikaanse dieet, soos uitgebeeld in die infografika, 'n impak op die ontwikkeling van koronêre hartsiekte het.

- In jou antwoord:
  - Verwys na elke voedselsoort in die bron.
  - Bespreek 'n duidelike verband tussen die voedsel en die ontwikkeling van koronêre hartsiekte.
- Oorweeg die volgende wanneer jy jou antwoord beplan:
  - Bewyse uit die infografika sowel as relevante voedingskennis.
  - Die kriteria wat in die rubriek verskaf word.

**[20]**

IEB Copyright © 2024

| Kriteria | | Prestasie-aanduiders | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **4** | **3** | **2** | **1** | **0** |
| **1** | **Toepaslikheid en akkuraatheid van inhoud** | Die inhoud is uiters relevant tot die onderwerp.<br><br>Geen feitlike foute nie.<br><br>Die gebruik van terminologie is akkuraat. | Die meerderheid inhoud is relevant tot die onderwerp.<br><br>Geringe feitlike foute.<br><br>Die gebruik van terminologie is meestal akkuraat.<br><br>Daar is geringe afdwalings. | Beduidende hoeveelheid inhoud is irrelevant.<br><br>Verskeie belangrike feite is foutief.<br><br>Die gebruik van terminologie is gebrekkig. | Meestal irrelevant met sporadiese verbande.<br><br>Groot feitlike foute.<br><br>Die terminologie wat gebruik word is dikwels verkeerd. | Die inhoud is heeltemal irrelevant, wat 'n fundamentele misverstand van die onderwerp toon. |
| | | **4** | **3** | **2** | **1** | **0** |
| **2** | **Bespreek die mate waarin die Suid-Afrikaanse dieet, soos uitgebeeld in die infografika, 'n impak op die ontwikkeling van koronêre hartsiekte het** | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van koronêre hartsiekte en die impak van hoë bloedcholesterol. | Die antwoord toon voldoende begrip van koronêre hartsiekte en die impak van hoë bloedcholesterol. | Die antwoord toon 'n begrip van koronêre hartsiekte en die impak van hoë bloedcholesterol. Verskeie belangrike inligting ontbreek. | Die antwoord toon 'n swak begrip van koronêre hartsiekte en die impak van hoë bloedcholesterol. | Beperkte of geen inligting verskaf nie. |
| | | **4** | **3** | **2** | **1** | **0** |
| **3** | | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die relevante voedingsinligting van 7 / 8 voedselsoorte. | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die relevante voedingsinligting van 5 / 6 voedselsoorte. | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die relevante voedingsinligting van 3 / 4 voedselsoorte. | Die antwoord toon 'n deeglike begrip van die relevante voedingsinligting van 1 / 2 voedselsoort(e). | Beperkte of geen inligting verskaf nie. |
| | | **4** | **3** | **2** | **1** | **0** |
| **4** | | Die antwoord toon 'n verband van 7 / 8 voedsel-soorte met koronêre hartsiekte. | Die antwoord toon 'n verband van 5 / 6 voedsel-soorte met koronêre hartsiekte. | Die antwoord toon 'n verband van 3 / 4 voedsel-soorte met koronêre hartsiekte. | Die antwoord toon 'n verband van 1 / 2 voedsel-soort(e) aan koronêre hartsiekte. | Beperkte of geen inligting verskaf nie. |
| | | **4** | **3** | **2** | **1** | **0** |
| **5** | **Kwaliteit van die skryfwerk** | Demonstreer 'n duidelike en logiese vloei van idees.<br><br>Handhaaf 'n duidelike fokus op die onderwerp.<br><br>Skryfwerk is samehangend en bondig. | Volg meestal 'n logiese orde met enkele afwykings.<br><br>Hou oor die algemeen by die onderwerp met enkele afdwalings.<br><br>Skryfwerk is meestal samehangend en bondig. | Daar is duidelike teenstrydigheid in die logiese vloei van idees.<br><br>'n Mate van relevansie tot onderwerp met bietjie irrelevante inligting.<br><br>Skryfwerk het 'n paar foute met betrekking tot duidelikheid. | Ontbreek logiese organisasie wat dit moeilik maak om te volg.<br><br>Beduidende gedeeltes van die teks bevat irrelevante inligting.<br><br>Skryfwerk is vaag, onduidelik of onsamehangend. | Die antwoord is betekenis-loos of irrelevant. |

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

**20 punte**

**Totaal: 200 punte**

## ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024